NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

17 September 2023

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. **Romeine 14: 1 – 12**. *Ons is en word nie wat ons eet nie …*
2. **Kategese: Kleuterkerk** - **3-6 jr** (Koffiekroeg), **Kleinkerk** - **Gr 1-3** (Kamer 1), **Gr 4-5** (Kamer 2), **Gr 6-7** (Afdak/Kapel); **Gr 8-10** (Konsistorie) en **Gr 11** (Sysaal).
3. **Omgeegroepe** soos deur leiers gereël.
4. **Nuwe lidmate – Baie welkom!** Ontmoet vir Sakkie en Elsa Louw by die diens-toonbank.

ONS LEWE

1. **Beroep van leraar:** Baie dankie aan elkeen wat deel was van Saterdag se proses om die kandidate te ontmoet. Die pre-advies kommissie oorweeg alle evaluerings hierdie week om so gou moontlik 'n aanbeveling aan die kerkraad te maak. Die beroep vergadering word voorlopig vir 27 September beplan.
2. **Inspirasiedag-bestellings:** Kaarte wat bestel is kan by die dienstoonbank afgehaal word. Betaling van boeke wat geneem is moet ook asseblief vandag afgehandel word.

ONS DIEN

Kerskardoese 2023 is amper hier! Ons fokus hoofsaaklik op ons Voetspore-vennote maar lidmate kan tot 1 Oktober nog begunstigdes vir die projek nomineer. Stuur asb besonderhede aan die kerkkantoor. Dié projek loop vanaf 15 Oktober tot 19 November. Omgeegroepe en lidmate moet asseblief betyds oorweging skenk aan hulle deelname.

ONS GEE OM

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Di Hart** (083 226 5486), **Piet Homan** (072 355 2186), **Dolf Müller** (082 854 8815), **Chris de Waal** (082 926 2282) en **Johan Kemp** (011 787 6274).
2. **Operasies en hospitalisasie en gesondheidsprobleme**
   - **Elsie Grobler** (083 659 5833) is in Life Flora na 'n terugslag met haar gesondheid.
   - **Kobie du Toit** (084 583 3551) word in Olivedale behandel.
   - **Wilma de Lange** (083 284 1693) is tuis na 'n groot operasie en wag vir verdere prosedures.
   - **MC Naudé** (082 302 1809) ontvang chemo-terapie.
3. **Simpatie: Francis Greybe** en haar dogter **Alet** is albei in die afgelope tyd oorlede.

GELUK MET DIE VERJAARSDAG

17/09 Michelle de Wet, Madel Marx, Pauline Nieuwoudt
18/09 Zioné Oosthuizen
19/09 Danielle Marais
20/09 Christo Auret, Babs Faber
21/09 Hendrik Jacobs, Louise Taljaard, Antoinette Thamm, Brand van Heerden
23/09 Chris de Waal, Francois Knoetzen, Christian Wentzel

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** maak gebedsversoeke aan die gebedsvennote bekend. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Marisa Combrinck gestuur word: SMS 082 823 8654. **Gebedskandelare** teen die muur langs die groot ingangsdeur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief kers* wil opsteek.

Ons bid hierdie week steeds vir … vir ons gemeente met die beroep-proses van 'n nuwe leraar … vir gesonde gesinne … die wat oud en broos is … eensaam … treur … vir ons land … *o Here … help!*

BYBELVERSPREIDING

Ons het 'n voorraad Bybels in Afrikaans, Engels (*King James Version*) verskillende Afrika-tale (*Swati en Isindebele)* beskikbaar. – wat ons graag sal wil versprei. Ons doen 'n beroep op lidmate om bewus te wees van moontlike behoeftes van huis- en tuinwerkers om Bybels te bekom. Die subsidie-prys is gewoonlik R70 maar die "uitverkopingprys" is slegs R50. Praat asseblief met Shani by die kerkkantoor. Die voorraad moet eers uitgedun wees voordat ons weer kan bestel.

LENTE VRA NUWE VERHOUDINGS

Ons "*behoort aan mekaar*" is 'n belangrike beweging in die lewe van die gemeente en vra voortdurend na hoe ons as God se kinders nader aan mekaar kan kom. Randburg se lidmaat-profiel dui op veral twee "groepe" mense wat kan deel wees van die **Lente 2023 se nuwe verhoudings**!

Ons het 'n redelike aantal **enkel-lidmate** – en veral die weduwees wat onlangs by ons aangesluit het. Ons nooi elkeen wat deel van die groep is om sonder enige verpligting te kom saam tee drink in die konsistorie … **vandag na die diens**. Dit is 'n verkennende ontmoeting om die behoefte wat van hierdie lidmate reeds gedeel het verder te ondersoek saam met ander wat ook in hierdie groepering tuishoort. *Kom kuier asb saam!*

Die **omgeegroep vir jong gesinne** wat twee-weekliks byeenkom vra ook na 'n nuwe lente! Al ons ouers met babas, kleuters en kleiner kinders hoort by hierdie groep. Ons nooi nuwe lidmate – en "ou" lidmate wat in hierdie groepering tuishoort vir 'n ontmoeting en gesprek … **Sondag 8 Okt** net na die erediens in die koffiekroeg. Merk die datum en wees daar! *Ons het mekaar nodig …*

Daar bestaan ook 'n **behoefte aan 'n manne-groep** wat saam kan praat, dink en bid. Tyd wat almal pas is altyd moeilik … maak kom ons begin. Praat asb eers met ds Servaas oor deelwees daarvan en dink oor die tyd van die week wat sal pas! *Ons kan in Oktober al begin!*

WOORDGESPREK

- **Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -**

Week van 17 Sep – Romeine 14 : 1 - 12

Openingsvraag

- Watter tipe mense laat jou minderwaardig voel? Óf: Watter tipe mens, voel jy, probeer om jou te verkleineer? Hoe reageer jy gewoonlik daarop?

Ons storie nou ...

- Is jy net vriende met mense wat dieselfde as jy is/glo/leef?
- Hoe uiteenlopend is jou vriendekring? Hoekom?
- Mag kinders van die Here van mekaar verskil?

God se storie ...

- Lees die teks in Romeine 14 : 1-12
- Lees *The Message* se weergawe van die teks – dis nogal heerlik humoristies.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Wat dink jy is die '*steak*' vs '*broccoli*' sake wat tans in die kerklike wêreld woed?
- Hoe sal julle iemand beskryf wat '*swak in die geloof*' is. In die gemeente in Rome was dit volgens Paulus diegene wat net groente geëet het. Ons glo darem seker nie dat *vegans* en *vegetariërs* swak in die geloof is nie. Hoekom was dit vir hulle 'n geestelike *issue*?
- Daar is baie dinge waaroor ons vandag in die kerk ernstig met mekaar verskil. Sonder om nou hieroor te stry ... gee 'n tree terug en gesels oor die vraag of dit moontlik is dat mense in dieselfde gemeente oor hierdie sake van mekaar *kan/mag* verskil – en steeds mekaar as broers en susters kan beskou? Wat dink julle sou Paulus oor ons verskille gesê het?
- Paulus is klaarblyklik meer bekommerd oor die manier waarop ons verskille hanteer as oor die feit dat ons verskille het. Hoe dink julle moet ons van mekaar verskil?

Hoe die Bybel ons storie verander ...

- Neem enige kerklike debat. Moenie vandag daaroor stry nie! Kyk of julle argumente vir beide kante kan bymekaar maak. Kyk of julle ten minste kan insien dat daar twee kante is!
- Neem jouself voor om doelbewus vriende te maak met mense wat radikaal van jou verskil.
- Reik uit na mense wat nie dieselfde as jy is nie. Spandeer tyd saam met hulle en moenie probeer om hulle te verander nie. Jy hoef nie jou eie standpunt/voorkeure te verander nie. Kyk net of jy nie verryk word deur hulle 'andersheid' nie.

Aan wie dink jy nou: .....

.....

Bid saam ... vir insig en liefde ...

.....

PREEKGEDAGTES – VIR LUISTER EN SKRYF

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

SNUFFELGIDS

1. **DRINGEND: Camping/Off Road sleepwa te koop:** Aluminium bakwerk. Baie lig. Volledig toegerus. 12v/220v stelsel met solar koppeling. Groot yskas. Gemaklike uitskuif pakplek, ekstra staal tafel en "*awnings*". Billik geprys @ R70 000 ohb. Kom kyk!! Navrae – 082 954 9944.
2. **Blomme en dekor vir enige geleentheid:** Troues, konferensies, verjaarsdae en spesiale vierings. . of kontak Betsie (082 442 6373) vir meer inligting.
3. **Loodgieter:** Gekwalifiseerde loodgieter. Skakel vir Maurice van Wyk - 076 266 2068.
4. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
5. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
6. **Betroubare verfwerk:** Diet Masenya (072 850 0588) lewer 'n uitstekende diens as verwer en algemene herstelwerk. Afrikaans en Engels goed magtig. Verwysings beskikbaar.
7. **Beskuit te koop:** Tuisgemaak. R80.00 vir 500 gram. Verskeidenheid soorte. Skakel of WA gerus vir Anna - 082 653 2059. Aflewering kan gereël word vir Sondae by kerk.
8. **Soek werk:** Stephano soek tuinwerk. Maandag en Dinsdag beskikbaar. Kontak 061 073 0083.
9. **Kragopwekker te koop:** Enkel Fase WH6500E. Ongeveer 50 ure gewerk. Elize - 082 700 8896.

BANK EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.